STABILIS




Musiekfees tower klanke op
BLADSY 5

news

Soccer shines in first exposé
PAGE 4

hot off the press

Cronjé-familie is sinoniem met onderwys
BLADSY 7



Droom laboratoriums eersdaags betrek
BL 7

Akademie word van tyd beroof in vierde kwartaal
BLADSY 4



Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · JAARGANG / VOLUME 49 · NO 3 · Desember / December 2015

# Goodbye Sir - only for now

*Salute the man of the hour taking his final bow and greeting the school*



Tommie Cronjé during his performance with Indomitus at the 2015 Music Festival. Photo: Supplied

DYLAN BARNES

A Grey legend says farewell. Mr Tommy Cronjé, the epitome of the true Grey gentleman, is leaving Grey College at the end of this year after spending 62 of his 65 years at Grey College.

Mr Cronjé was given a farewell assembly on 13 October with his whole family present. To bid him farewell during this assembly the learners gave him 65 balloons, sang him a song, Angelo Arendse rendered his favourite poem, "If" and he was given a tree to be planted in his honour and as a reminder of his time at Grey.

Mr Cronjé then addressed the boys for the last time. He emphasised the privilege it has been to be at Grey and he explained what a Grey gentleman really is.

This man has been our mentor, our noble citizen, the gentle man who deflected anger with wise words.

These are not empty words used to flatter a man who is leaving. These are heartfelt words, ripped from the souls of so many boys who found refuge with him, who were comforted and counselled by him and above all, who followed his example in an effort to be the best people they could be.

He has left his imprint on the psyche of so many young men, but his legacy is at the same time so simple yet so profound.

Let yourself be known by your actions. Respect the world around you, your teachers, your friends and the school that gave you refuge. Love your parents, honour them for the sacrifices they made for your future.

Mr Cronjé, our heartfelt wish for you is that you will always know contentment because your legacy will forever be our guiding light.

The power to send money from your phone
Dial *111# to activate your wallet.
Terms and conditions apply.
Vodacom
Power to you
m-pesa

## short news

### Nihid Stabile Quod Infidum

**TSEPO PATOSE**

As an old chapter ends, a new one begins. The matric class of 2015 said their final farewell to the school in their last assembly. The prefects of 2016 were then elected and the new school captains are Mario Vieira (School Captain), Nico Prinsloo (Vice School Captain: City) and Dian Schoonees (Vice School Captain: Hostels).

Being chosen as a prefect is a massive honour, especially considering the stature of a school like Grey. This is a position that many dream of, but only a few can get. The newly-elected prefects must adhere to an extremely strict code of conduct which they agree to soon after they are elected. The tie comes with a huge amount of power, which in turn comes with great responsibility... and with support of the school, this will happen

What forms the base of the school is the relationships between the different learners and the staff. This is a key aspect that the prefects will be looking to improve next year. Thabo Hloele, Murray House prefect, has the following to say: "Brotherhood is very important in a school like Grey College. We as the prefects will be a way to enhance this fellowship among the Grey boys. Transforming the current fear of the matrics into respect will be vital in doing so."

# Grey's 'voice' ages

*Stabilis reaches venerable fifty year mark in 2016*

**RELE TSOAI**

Stabilis, the school's very own newspaper is headed for its 50th birthday and with a repertoire and legacy of such high standards, it can only be expected to go ever higher.

Throughout the many years of its existence, Stabilis has been the refuge, the voice and general entertainment for Grey boys, past and present.

Now headed for 50 years old, Stabilis has on several occasions been South Africa's best school newspaper and this year the paper achieved the laudable national second place.

Equipped with a downloadable version online, Stabilis has grown from a common newspaper to one of the very few school newspapers of such calibre. This is one of the many reasons why the paper always achieves one of the top spots in the national school newspaper competition.


Stabilis

Grey College Newspaper — Grey-Kollege-Koerant

Prys/Price 5c.

VOLUME/JAARGANG 1 — APRIL 1967 — No./Nr. 1

NOG 'N MYLPAAL BEREIK

GREY COLLEGE NEWSPAPER APPEARS AGAIN AFTER 90 YEARS

MET hierdie eerste uitgawe van die koerant „Stabilis" bereik Grey-Kollege weer eens 'n besondere hoogtepunt in sy roemryke geskiedenis.

Visit FICHARDTS the Family Store

Official Stockists of Grey College School Wear!!

FICHARDTS

The Complete Departmental Store — on One Floor.

**Stabilis of April 1967.** **Photo: Supplied**

This "middle-aged" newspaper comprising news of all matters possibly related to the school and the learners, provides fresh views and opinions, unique and different to that of most other newspapers.

At the beginning of the new year a workshop will be presented, where the planning phase for the commemorative issue, to appear at the end of the second term, will commence.

## When the Past confronts them the Present comes up to scratch

**JOHAN WILKEN**

On 13 October 2015 Grey College celebrated its 160th birthday. Every year during this time Grey hosts a street mile where many people participate with great enthusiasm and determination to finish out on top. On the first Friday after 13 October Grey celebrates Founders Day. During assembly mr Scheepers compared Grey to the New Zealand rugby team to showcase what a world-class school Grey really is.

Every year hundreds of old Greys from around the world make the trip to the school. Grey College's Founder's Day is a time where the spirit of the school is unbelievable and we are reminded of the camaraderie and very special bond that exists amongst the old Greys and the current Grey boys. The old Greys play against the current Grey boys, the so-called Past versus Present. The past versus present is a highlight for the boys in the fourth term. After all the games the old Greys have a function to celebrate their reunions.

Richardt Human, an old Grey says, "The celebrations are a great chance to reunite with old friends, playing in the past versus present is an experience that is not to be missed. Playing against the present boys is a daunting task because they are full of enthusiasm and they are still young, filled with energy and very talented."

## Die Neethling-mansgeslag se spoor deur Grey is duidelik getrap

**DYLAN BARNES**

Die meeste mense in Bloemfontein en inderdaad, in Suid-Afrika, is bewus van wie Ryk Neethling is – Olimpiese swimmer en internasionaal-bekende gesig, suksesvolle sakeman... en 'n seun van Grey Kollege. Heelwat minder mense is egter bewus van die die spore wat die Neethling-mans al by Grey getrap het.

Die spoor het begin met Christo Neethling wat in 1950, toe hy slegs 16 jaar oud was aan Grey gematrikuleer het. Hy was hierdie jaar by die Reünieviering van sy matriekjaar 65 jaar gelede. Hierdie patriarg het twee seuns – Ryk en Gerhard, wat onderskeidelik in 1982 en 1989 by Grey gematrikuleer het. Ryk se seun, CS, is tans in Graad 11 en Gerhard se seun, Christiaan is nou in Graad 8.

Christo Neethling was `n laatlam en een van vyf kinders, waarvan vier seuns was. Ryk Neethling senior is een van Christo Neethling se broerskinders. Hy het in 1969 matriek geskryf by Grey en Ryk junior het vanjaar sy 20 jaar Reünieviering van sy 1995 matriekjaar bygewoon. Die "swemheld" Ryk besoek die skool op 'n gereelde basis en het al 'n aantal van sy sportmemorabilia aan die skool oorhandig – 'n duidelike blyk van sy gehegtheid aan die skool.

Die Neethling-bloed loop sterk met liefde en lojaliteit teenoor hul alma mater en dit is duidelik dat die respek van geslag tot geslag oorgedra word.

Hierdie mans dra, soos vele ander gesinne en geslagte trots en swaar aan hulle ryke verlede en verbintenis met hierdie skool waar alles begin het.



**Ryk, CS, Ryk Jnr, Christo, Ryk Snr, Christiaan en Gerhard Neetlingh.** **Foto: Verskaf**




## Mag die leerkragte se meetsnoere op mooi plekke val

**VLADIK SEAGREEN**

Behalwe vir mnr Tommie Cronjé wat hierdie jaar aftree, verlaat drie ander leerkragte ook aan die einde van die jaar die skool. Me Alri van Schalkwyk, me Elzaan van Blerk en mnr Altus Moolman groet ook vir Grey.


Me Van Schalkwyk was vir twee jaar by Grey Kollege: "Twee *awesome* jare", sê sy. Voor dit was sy vir 'n kwartaal by Paul Roos maar sy sê Grey is by verre die skool van haar hart, aangesien sy groot geword het in 'n familie van Oud-Greys. Me Alri het hokkie en verspring afgerig en sy het ook drama aangebied. Sy trou in Desember en sien baie uit na die saamwees met haar toekomstige man, Gouws. Volgende jaar bly hulle in Kimberley en gaan sy by Diamantveld skoolhou. Stabilis het vir haar gevra of sy die Greyseuns in een woord kan opsom en haar antwoord was: "woelige-little-legends." Sy sê dat elke seun waarmee sy te doen gekry het 'n spesiale plek in haar hart het.

Me Elzaan van Blerk het in die tweede kwartaal vanjaar by die Grey-familie aangesluit. "Grey se tradisie en trots is definitief een van die redes waarom ek wou deel wees van dié baie spesiale skool", sê sy. Me Elzaan sê dat haar eerste saalbyeenkoms baie spesiaal was en dat sy dit nooit sal vergeet nie. Sy sê dat die seuns wat wat uit volle bors sing het haar hoendervleis gegee.

Mnr Altus Moolman verlaat ook die skool aan die einde van die jaar. Hy het vanaf April die leisels oorgeneem as dirigent van die koor en Indomitus, en twee kwartale later die vuurdoop van die musiekfees oorleef. Hy het 'n baie hegte band met die musiekgroepe ontwikkel en voortgebou op die die groepe se skitterende reputasie.

# Woodlands tóg nie so idillies nie

*Leerders en onderwysers gaan juig oor koeler en groter klaskamers*




**Selfs buite se hitte was beter as die sauna binne in die houtbokse.** **Foto: James Braude**

**DIRKIE LAAS**

Die afgelope tyd het dit baie duidelik geblyk dat die klasse by die T-blok, naby die musiekblok, nie meer bestaan nie. Die lang gewag vir nuwe, permanente klasse is amper verby. Die asbesgeboue is reeds afgebreek en nuwe, permanente klasse word gebou en sal gereed wees vir 2016.

Verandering bring ook tydelike ongerief. Terwyl hierdie nuwe klasse in aanbou was moes die leerders iewers gehuisves word en vir die doel is houtklasse opgerig. Die ontwikkeling is onder leerders en personeel bekend as Woodlands.

Die tydelike klasse het geen oopmakende vensters, skryfborde of enige ander geriewe en fasiliteite wat 'n klaskamer normaalweg moet hê nie. Die somerhitte, sinkdakke en mure sonder vensters het die situasie net vererger. Die groot bome buite Woodlands het bietjie verligting gebring met koel skaduwee en die briesie het dit soms ook draagliker gemaak. Almal het besef dat hierdie slegs 'n tydelike oplossing vir 'n tekort aan klasse was maar dit was veral tydens die hittegolf-tye, vir almal maar baie moeilik. Die konstante spinnekoppe was ook nogal 'n uitdaging.

Woodlands of die Drie Klein Varkies soos me Celeste Venter die houtkamers genoem het sal nie volgende jaar meer as klaskamers gebruik word nie en nuwe, permanente klasse sal vir ons wag, reg om 2016 saam met ons te begin.

Hierdie nuwe klaskamers sal as laboratoriums ingerig word en sal ook vir Skeinat en Lewenswetenskappe-onderrig aangewend word.

Die Grey-manne moes maar seker eers die Woodlands-ervaring beleef voor ons besef het dat Rome nie in een dag gebou is nie. Hopelik sal ons in 2016 die 'room van Rome' waardeer.

## kortnuus

### Studente bal die vuis suksesvol teen hoë onderrigkoste

**EDUAN TRUTER**

Alle media platforms was onlangs oorval deur die *#FeesMustFall* veldtog by universiteite. Verskeie instansies het klasse en eksamens vir 'n wyle gestaak en in Bloemfontein het honderde ontevrede studente die hoofingang na die UV versper.

Volgens CNN in Amerika gaan dit oor meer as net die eis vir laer tersiêre onderrigkoste; blykbaar gaan dit meer oor "Die val van Zuma se mag." Volgens Basani Baloyi, 'n voormalige student aan Wits wat vir CNN skryf, is Suid-Afrika nou meer ongelyk as in die apartheidsjare en dis waarom die meeste studente sedert die Soweto opstand van 1976 in opstand gekom het teen die regering. Volgens RBA Homes sal 'n student aan 'n tersiêre instansie in 2015 die ouer 'n minimum van R150 000 vir vier jaar kos. Hulle het ook 'n skatting gemaak dat 'n kind wat agt is in 2015, 'n minimum van R350 000 sal betaal vir vier jaar se tersiêre onderrig.

Hierdie feit kan alle leerders, insluitend dié by Grey Kollege baie benadeel wanneer ouers nie die finansiële ondersteuning kan verskaf om verder te studeer nie. Volgens Statistiek SA het die verbruikersindeksprys van opvoeding met 9,5% gestyg. Die EFF het gesê dat Blade Nzimande, die minister van hoër onderwys, se tyd as minister gou tot 'n einde sal kom. Talle setelhouers in die parlement het vir Nzimande sowel as President Zuma aangemoedig om te onderhandel met ontevrede studente.

# Old freedom fighter remembers prison

**TIMOTHY DU PLESSIS**

Ahmed Kathrada recently visited Grey College and discussed his stay as political prisoner and the only Indian inmate on Robben Island. Due to his fragility and age the visit was not very interactive yet het provided interesting insights. He told the school that his Indian ethnicity prevented him from attending any of the schools where he lived area and he had to move to Johannesburg to receive schooling. This event specifically was one of the leading causes for Kathrada's political activism.

Kathrada stated that as activists they learnt to live as outlaws, never to stay in one place for a long time. He recalls the atmosphere during the Rivonia trial as "Full of anger, full of revenge." After the trial, Kathrada and his group -which included Nelson Mandela - were sent to Robben Island. They were expecting the death sentence but were relieved to be sentenced to 'only' eight life sentences.

As the only Indian in the group, Kathrada was given long trousers yet his fellow inmates were given short pants. He found it humiliating because laws applied differently to different groups. However, when he wanted to reject the trousers Nelson Mandela told him, "Don't reject anything you've got." He also said that because he was Indian, he was given "more meat and sugar" than his fellow group members.

After his release he was elected a Member of Parliament in 1994, after South Africa's first democratic elections, and in 1994 he was also elected chairperson of the Robben Island Museum.

Mr Kathrada's visit to the school was noteworthy in several respects. Firstly it was obvious that very few people actually knew who this old freedom fighter was and the speech he gave did not really reveal his true identity and past. However, his anecdotes were interesting enough.

Secondly this was obviously a promotional visit for his memoirs and because he is extremely old and fragile, his companions limited questions as he is no longer able to answer without preparation.



Rivonia Trial defendants (left to right, top to bottom) Nelson Mandela; Walter Sisulu; Govan Mbeki; Raymond Mhlaba; Elias Motsoaledi; Andrew Mlangeni; Ahmed Kathrada and Dennis Goldberg.

**Photo: Supplied**

WISDOM TEETH ISSUES?



Make an appointment with one of our specialists for expert assistance. **CURE DAY CLINICS BLOEMFONTEIN** is the ideal state-of-the-art facility for wisdom teeth procedures!
**CURE – CONVENIENT, AFFORDABLE, FRIENDLY AND PROFFESIONAL.**

**Dr Hoek** (Maxillo-facial surgeon) on **051 430 5647**,
**Dr Floris Kotze** (Dentist) on **051 444 2350**
or contact the hospital for assistance on **051 072 0018**.
marketing@cdc-bloemfontein.co.za | www.curedayclinics.co.za

29 Poole Street,
Brandwag, Bloemfontein
**FB:** CureDayClinicsSA
GROUP OF DAY HOSPITALS

cure DAY CLINICS

SPECIALISED DAY SURGERY

## late news

### Quiz whizzes take 2015 quiz title

**CAREL KORFF**

Louis Schoonwinkel, Luan Nel and Matthew Barnard earned the title of "Quiz Whizzes 2015" by easing home during the Quiz final round, held in the Japie van Lill auditorium on the main campus of the Central University of Technology, Free State (CUT).

This annual quiz dealing with Science, Technology and the Environment is annually hosted by the Faculty of Engineering & Information Technology (FEIT) at the CUT. At the end of the quiz, all three finalist schools shared the R 45 000 bursary prizes.

During the final round, Grey secured the title and two FEIT study bursaries worth R 10 000 each.

Both Moemedi- and Motswela schools qualified for the finals in their first year of participating, becoming the first two schools from previously disadvantaged communities to qualify for the Quiz finals.

The Grey College team did the school proud.

## belangrike datums

**29 Desember:**
Rapporte uitgedeel 07:00-09:00
**11 Desember:**
Laaste dag vir personeel
**11 Januarie 2016:**
Eerste dag vir personeel
**13 Januarie 2016:**
Skool begin

***We wish all learners, parents and staff member a joyful holiday period and the very best for the new year. May all your travels be safe.***

# Soccer shines in first exposé

*Game on the main field was a first for them*

**ANGELO ARENDSE**

The Grey College 1st team has had great success in recent years. Inevitably, the school heard of this and started supporting the soccer more.

Head of soccer mr Ludwig Koekemoer also saw the potential of the 1st soccer team and wanted to give the team a platform to showcase that potential.

The 1st soccer team played their only inter-school for the year against Glenwood on the Johan Volsteedt cricket oval just opposite the rugby team's main field. This was big; the first time ever that the first soccer team was going to play on the main field. On the day the team was allowed to change in the cricket change room, in a much larger space than at the Windmill soccer fields. After the game one of the learners took a picture with one of the players. In the change rooms there were 3rd/4th rugby team players and they also took pictures to celebrate the win.

Kamo Mokalake, 2015 captain said, "Playing on the oval was a new experience. I must say though, nothing replaces playing on the Windmill field." The boys have been working hard in recent years to change the perception that soccer is the sport played in the 'backyard' of Grey.

Tshegofatso Mabaso, 2014 captain stated, "Grey used to be one of the best teams in the country. Then we went through a bit of a slump, but in 2011 we started playing well again and we started winning f games again. Several Grey players were selected for provincial and national teams.

A couple of players have been signed by professional clubs, some are heading to Europe and some are playing in the Varsity cup."



**Soccer players battle it out on the field. Photo: Eduard Büchner**

## Akademie word van tyd beroof in 4de kwartaal

**DAPPER DE WET**

Jaarliks word die vierde kwartaal gekenmerk deur programme soos Stigtersnaweek; die skool gee erkenning vir harde werk aan toppresteerders tydens die prysuitdeling; ons kies nuwe leiers vir die volgende jaar en ook neem ons afskeid van die huidige matriekklas.

Dan word ook besef dat die eindeksamen om die draai is en baie harde werk voorlê. Grey Kollege is ook uniek in die opsig dat skoliere erkenning op akademiese gebied ontvang vir prestasies behaal oor vier kwartale.

Alhoewel die matriekafskeidsfunksie nie op alle grade van toepassing is en dus nie soseer akademiese tyd opneem nie, streef ons in alles na perfeksie en is die voorbereiding aan die geselligheid tydrowend. Diegene hierby betrokke verloor tog akademiese tyd.

Elke Grey-leerder moet trots te wees op die saalbyeenkoms waartydens ons die huidige leiers vaarwel roep en die nuwe leiers in ons midde te verwelkom. Tydrowend? Dit neem beslis dit akademiese tyd op maar is dit ook nodig om op dié manier erkenning aan ons matriekklas en leiers te gee.

Tydens 'n onderhoud met mnr Goosen, hoof van Wiskunde, blyk dit duidelik dat te veel akademiese tyd verlore gaan. Hy sê egter: "Daar is praktyke in plek om werk afgehandel te kry. Gr 8 en 9 seuns kom onderskeidelik op Dinsdae- en Donderdagmiddae vir hulpl. Daar word ook gedurende die week klasse aangebied vir ander grade." Alhoewel dissipline soms daaronder lei weens chaos met die gedurige verwisseling van klasse of waar seuns klaskamers moet verlaat, is mnr Goosen oortuig dat vir elke uitdaging daar 'n werkbare uitweg is.


Supporter of Grey College

FNB
First National Bank

How can we help you?

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd

Supports
Grey College
Sport




Coca-Cola

PROFILE

## Where in the world is... Otto Bam

**GARY DYKMAN**

Otto Bam matriculated from Grey College in 2011, with the intention of studying languages at Stellenbosch. He knew that he would be making music, which is one of the reasons that he went to Maties instead of UFS. With all the surrounding cultural hotspots in Stellenbosch, he knew that if his music would flourish anywhere it would be there.

Back then when he was more of a drummer – the songs he wrote rarely got anyone's attention. During his first few years of studying, his passion for songwriting grew and he gradually started performing more of his own songs. His big breakthrough as a songwriter came when he started a band (The Wheel Again) with a friend of his in residence.

When he first started performing he really went for the folk genre, the type that Mumford and Sons would play, which at the time was hitting the international music scene. But as he developed he started caring less about genre, believing that a songwriter shouldn't think about genre before writing a song, not if you want to be authentic. Genre is a useful label given to music, but the song existed before the genre it was labeled with. So write the song that you want to sing, the song that conveys your heart to the best.

He has released one EP with The Wheel Again and one as a solo artist, under the name Oddo Bam. He says that he owes a lot to his parents and is thankful for all their encouragement and support contributions that have put him in the position he is in today.

He says that Grey College gave him the opportunity to try his hand at many things, such as playing in the ensemble as a violinist, while being quite the "hockey jock". His hopes are that, after finishing his studying this year, he will have more time to invest in what he really loves to do.



**A quiet schoolboy, develops into a music maestro. Photo: Supplied**

# Virtuoso vertoning by Musiekfees

## *Ongelooflike klanke was opgetower uit akoestiese kitaar en saksofoon*



**Elvis Blue en Hiram Koopman wys waartoe hulle in staat is.** **Foto: Verskaf**

**DANIEL VON ESCHWEGE**

Een van die hoogtepunte van die aand was toe Indomitus saam met mnre Tommie Cronjé, Craig Steyn en Marcel Cronjé opgetree het.

Vanjaar se gaskunstenaars, Elvis Blue, Andriëtte Norman en Ann Mahlohla, het bygedra tot die fees se sukses. Hiram Koopman, briljante saksofoonspeler wat gereeld saam met Elvis Blue optree, se jazz-improvisasies was ongelooflik.

Die Musiekfees is geopen met *One Republic Medley*, uitgevoer deur die drumline en Grey-koor, o.l.v. mnr Altus Moolman, met mnr Dana Cilliers op die klavier. Nico Prinsloo en Louis Gouws het die solo's gesing, asook 'n solis van die NWU. Daama het die drumline hulle eie *medley* gespeel, kompleet met *glow-in-the-dark* dromstokkies! Verdere groepe wat hulle staal gewys het, is die Indomitus met *Creedence Clearwater Revival Medley*, die Grey Band met *See if I don't* en *Black Velvet*, en die Ensemble, o.l.v. me Celeste Venter, wat saam met Elvis Blue Johannes Kerkorrel se *Hilbrow* opgevoer het.

Die Grey Blues het geskitter met Ed Sheeran se lied, *Make it Rain*, met Dylan van der Merwe as sanger en kitaarspeler, met jazz-improvisasie deur Hiram Koopman.

Die tweede helfte is geopen deur die Gumboots Dancers, gevolg deur die marimbas.

Tydens die massakoor-items het Louis Schoonwinkel en Arend Brink solo's gesing saam met die gaskunstenaars.

*Grey in Union* deur die massakoor is al 'n jaarlikse instelling: die instrumentele solo aan die begin is deur Chris van Zyl op die tjello uitgevoer - en Louis Schoonwinkel, Tiaan Serfontein en Francois Stevens het die solo's gesing. Die skoollied het die aand afgesluit.

## kortnuus

### Redenaar bewys dat die tong magtiger is as die swaard

**REINHARDT GROBBELAAR**

Kolbé Kolver (9A3) was in Graad 1 deel van Grey Kollege se laerskool-redenaarspan.

Hy het gaandeweg al hoe meer ondervinding as formidabele redenaar opgedoen.

'n Hoogtepunt vir Kolbé was toe hy gekies is om deel te neem aan die Goudini Redenaarskompetisie in Worcester gedurende die Paul Roos-naweek. Dit is een van die land se bekendste debatskompetisies, waar net 24 leerlinge gekies word om deel te neem. Hy het uitstekend gevaar en het tot in die finaal deurgedring, waar hy tiende geëindig het.

"Dit was vir my 'n reuse voorreg om gekies te word vir die kompetisie," vertel Kolbé. "Jy moet maar bietjie geluk ook aan jou kant hê omdat daar so min mense gekies word, veral nog om deur te dring finaal toe." Kolbé was trots om die skool te verteenwoordig. Hy was baie gespanne toe hy op die verhoog opstap om in die finaal te debatteer. Die onderwerp van die debat was: Kan Kunstefeeste nog voortbestaan? "Ja," het hy gesê, "dit versterk ons taal." Sy mentor, afrigter en grootste ondersteuner is me Lettie van Wyk, sy Afrikaans onderwyser. Francois Venter het ook gehelp met die afrigting.

Hy sou graag eendag die kompetisie wil wen, maar dink nie dat hy na skool wil aangaan met debat nie.

Sy inspirasie kom van sy oupagrootjie, John Voster, wat 'n uitstekende redenaar was in die parlement. Hy was ook Eerste Minister. Kolbé sien uit na die volgende kompetisie en kan nie wag om die skool weer te verteenwoordig nie.

# Symphonic affair combines Arco Musica with choirs


**REINHARDT GROBBELAAR**

The high school choirs of Grey College and Oranje Meisieskool both took part in the Symphonic Affair production held in the Sand du Plessis Theatre during the weekend of the 16th and 17th of October.

It was a very captivating experience that was perfect for the tastes of any audience member and included a wide selection of songs and pieces.

There were many famous singers taking part in the concert, including Rian Hunter, Caroline-Grace Brüssow, Cézanne Yzelle, Herman Strauss and of course Grey's own Arend Brink Junior, who participated in almost half of all the items, including IL Mondo, Hands of Man and Because We Believe.

Arend Brink Junior was not the only member of his family who participated in the event. In fact, it can be said that the whole concert was a Brink family production. Arend Brink Senior was the main cellist and Debbie Brink was the conductor, who transposed the music as well as composed several pieces. She is a former Grey music teacher who taught at the school for a full seven years. Bianca Brink worked behind the scenes and was involved in the production of the item *Nine Million Bicycles in Beijing*, where the Grey Boys rode on bicycles around the stage.An unexpected addition to the show was the use of international dancers, who added colour and texture to the evening's items.



**The production provided immense entertainment.** **Photo: Supplied**

The highlights of the evening included the theme from *Frozen, Let it Go*, mixed with Vivaldi's *Four Seasons, Nine Million Bicycles in Beijing*, as well as *Because We Believe*, which was sung during the London 2012 Olympics.

The concert also consisted of a number of old Grey's, including Frank Freeman on guitar, Ettiënne van Rooyen on flute and saxophone, and Altus Moolman on cello, only emphasising the fact that Grey truly is a school that raises the best talent in the nation.

The show was such a hit that the audience demanded an encore, one in which the soloists returned to the final item, *Because We Believe*. Grey and Oranje gave an amazing performance, and can only look back at the experience fondly and most of all, proudly.

The evenings performances were absolutely stunning, and provided an excellent showcase for the talent of the Grey boys and the girls from Oranje.






# Bewaar 160 jaar se waardes

"Dis nou óns plek!" Dit is die woorde wat dié tyd van die jaar oor byna elke graad 11 leerder se lippe rol. Die feit van die saak bly dat Grey nog nooit aan "iemand" behoort het, nie waar nie? Rentmeesterskap is hier die woord. Dit verwys na die bestuur of versorging van iets, veral van iets wat werk.


2015 het die wenresep van 160 jaar suksesvol onder deur die ou klok gesien deurstap. Dit was 'n jaar vol uitdagings en beproewinge. Net soos elke ander jaar. Die resep moes aangepas, verander en heroorweeg word om by veranderde omstandighede in te skakel. Nietemin bly dit steeds 'n wenresep. Die verantwoordelikheid word jaar na jaar al hoe meer veeleisend. Maar soos die bekende spreekwoord by Grey dit stel, *When the occasion demands it, the Grey boy will always come up to scratch*. So sal dit wees!

Die matrieks van 2015 het vir seker groot voetspore gelos wat gevul moet word, op die sportvelde, tussen die musieknote en binne-in die handboeke. Dit laat die klas van 2016 voor 'n T-aansluiting. Ons het 'n keuse. Gaan ons slegs hul voetspore probeer vul, of gaan ons hulle voetspore oortref en die maatstaf verstel vir die jare vorentoe. As daar op opsie twee besluit word sal dit 'n spanpoging verg - iets waarop baie gehamer was gedurende die prefek-kandidate se toesprake tydens saalperiodes. Saamstaan. Eenheid.

Net soos die sandsteenprojek daarop fokus om dit wat deur die jare verweer het te herstel, kan Grey in 2016 die keuse maak om die skool te herbou, daar waar dit afgebreek word. Om te vernuwe daar waar dit gestagneer het. Ons is dit immers verskuldig aan die legendes wat dit oor die afgelope 160 jaar gebring en gedra het tot waar die Kollege vandag staan; mense soos Mnr Tommie Cronjé wat vir 62 van sy 65 jare op hierdie aarde by Grey betrokke was.

Die leiers van 2015 het die ongelooflike verantwoordelikheid om die skool se nalatenskap te dra aan die nuwe leiers oorhandig. Matrieks van 2016, Grey is nie "ons plek" nie, maar ons verantwoordelikheid. Dit is ons beurt om rentmeesterskap uit te oefen oor dit wat aan ons toevertrou is.

*Quod cito fit, cito perit - Things done in a hurry are more likely to fail and fail quicker than those done with care.*







## Matriekafskeid-helpers maak dit 'n plesier

***Aan meneer Scheepers, skoolhoof:***

Ek voel dat ek my plig sal versuim as ek nie die volgende met meneer deel nie – ek was een van die gr 11-ma's wat behulpsaam was met die kelners wat die 63 tafels moes bedien by vanjaar se glansryke matriekafskeid.

Die takie het die potensiaal om in chaos te ontaard – en dit boonop baie vinnig, maar die seuns wat ons gehelp het was net 'n plesier!

Hulle het geluister, was vinnig en flink en 'n absolute plesier om mee te werk. Die personeel van die hotelskool het ook laat blyk dat die bediening baie glad verloop het! Dit was nie vir hulle nodig om agter leerders aan te loop of na hulle te soek nie.

Ek as ouer was so trots om met sulke seuns te werk en julle opvoeders verdien 'n pluimpie dat daardie "wilde" seuntjies in ware manne ontwikkel!

***Hanlia Kloppers***
***Viva la Grey***
***Class of '89***

# Mnr Tommie 'will not be moved'

## *Voorreg en avontuur van 62 jaar maak nou plek vir nuwe uitdagings*






**Mnr Tommie geniet 6 Cokes in sy kantoor saam met Albert Potgieter.** **Foto: James Braude**

**ALBERT POTGIETER**

*Hoe sal u 62 jaar by Grey in een sin opsom?*

'n Voorreg en avontuur wat verby gevlieg het.

*Wat is u dryfkrag in die lewe?*

Genade en dankbaarheid. My gesin, familie en vriende.

*Wat is die volgende item(s) op u 'bucket-list'?*

Ek wil met musiek vroetel, plekke besoek waar ek nog nie was nie, my treurige gholf verbeter, weer begin pluimbal speel, bietjie houtwerk doen, saam met vriende kuier, lees, tuinmaak en met my honde speel.

*Wat gaan u die meeste van Grey mis?*

Alles behalwe IQMS, vraestelle opstel en merkwerk.

*Vertel ons van een herinnering in 62-jaar by Grey wat u nooit sal vergeet nie.*

Weer byna onmoontlik om net een uit te sonder, maar miskien die feit dat ek saam met my pa, my broer en my seun by Grey kon skoolhou.

*Kan ons verwag om mnr Tommie volgende jaar nog op die skoolgronde te sien?*

Waarskynlik. Ek sal my seun en my broer moet kom "opcheck"! Dit sal ook lekker wees om interskole by te woon, by kollegas te kom inloer en om te sien hoe almal werk. Dan moet ek ook my boom kom water gee.

*Met watter woorde sal u graag die skool wil los?*

Hieroor sou ek 'n dik boek kon skryf. Dit is vir my belangrik dat Grey-manne 'gentlemen" moet wees. Wees betrokke by die skool en respekteer dit wat Grey jou kan bied. Ek moet en wil ook DANKIE sê vir elkeen wat op een of ander manier my lewe hier verryk het.

Redaksielys 2016

**KERNREDAKSIE**

**Hoofredakteur:** Albert Potgieter

**Subredakteur: Nuus** Gary Dykman

**Subredakteur: Sport** Etienne Erasmus

**Subredakteur: Diepte** Hugo Richter

**Subredakteur: Joernaal** Jaco van Loggerenberg

**Subredakteur: Kultuur** Daniel von Eschwege

**Hooffotograaf:** James Braude

**NUUSREDAKSIE**

Izak Adendorff, Eduan Truter, Dylan Barnes, Nathi Mosala, Relebohile Tsoai, Dirkie Laas, Vladik Seagreen

**SPORTREDAKSIE**

Hanru Bührmann, Johan van Eck, Ferdinand Ferreira, Ebert Wohlitz, Henko Delport, Gustav Pieterse, Christopher Schreuder

**DIEPTEREDAKSIE**

Kolbé Kolver, Phillip Pretorius, Andries Mulder, Dapper de Wet, Carel Greyling

**KULTUURREDAKSIE**

Reinhardt Grobbelaar

**JOERNAALREDAKSIE**

Valerio Cirelli

**KUNSTENAAR**

JP Jacobs

**FOTOGRAWE**

BJ Vorster
André Hough

## Ag stuur ons net so bietjie reën...

**ANDRIES MULDER**

Die huidige versengende droogte sal onthou word as een van die ergste droogtes sedert 1983. Die uitwerking daarvan op Suid-Afrika se landbousektor is uiteraard besonder kommerwekkend omdat dit is waar die land se voedsel vandaan kom. Dit is die groter prentjie, die ergste bekommernis waar baie gebiede al tot droogte-rampgebiede verklaar is. Boere moet hul vee begin slag en volgens RSG, kan skape in sommige gebiede slegs elke derde dag gevoer word.

Maar hoe raak dit die gemiddelde stadsbewoner? Volgens berigte word water wel gespaar – maar slegs in sekere woongebiede. Wat sou hulle daar dink – dis nie my probleem nie? Die bietjie wat ek bespaar kan tog geen verskil maak nie? Baie van ons het al verby huise gery waar grasperke kwistig natgelei word – maar is dit altyd 'gryswater' wat gebruik word? Dit is elke Bloemfonteiner se plig om sulke vermorsing te rapporteer – nie om onaangenaam te wees nie maar in 'n poging om te help met waterbesparing.

Dit is wel so dat baie mense boorgate het, wat verduidelik hoekom bv Grey en Eunice se grasperke en tuine nog so mooi lyk. Maar hoe gaan die skool se koshuise aanhou funksioneer indien nog strenger waterbeperkings ingestel word? Toilette sal nie kan spoel nie en kosvoorbereiding sal bemoeilik word, om net enkele insidente op te haal.

Maar totdat die genade van reën ontvang word is dit elke persoon se plig om selfs die kleinste aksies te doen wat kan help om ons land te red van ondergang.



**Koos (Engels onderwyser), Tommie (Engels onderwyser en adjunkhoof) en Marcel (Afrikaans onderwyser).** **Foto: James Braude**

# Cronjés is sinoniem met die skool

*Goeie onderwysers en 'n liefdevolle gesin bou aan leerders se ontwikkeling*

**HUGO RICHTER**

Die Cronjé-familie se eerste bande het begin by mnr JL Cronjé, beter bekend as mnr Patat Cronjé. Mnr Patat word deur die ouer garde onthou as 'n eerlike, regverdige man met hoë morele waardes en integriteit; iemand wat altyd tyd vir almal gehad het en sy leerders goed geken het - dit is ook hoe die skool sy seuns Tommie en Koos ken.

Mnr Patat het in 1943 as onderwyser by Grey begin en hy het in 1979, met sy aftrede, vier jaar as adjunkhoof en tien jaar as skoolhoof agter sy naam gehad.

Mnr Tommie vertel hoe hy in 1975 aansoek gedoen het vir 'n Engels pos by Grey, terwyl mnr Patat die skoolhoof was. "Duits, wat my ander hoofvak was, was 'n aanbeveling vir hierdie pos, maar ek het nie die pos gekry nie. Na afloop van die aanstellingsvergaderings het mnr Piet Ferreira, destydse adjunkhoof, my pa streng aangespreek oor hoekom hy nie die bes-gekwalifiseerde kandidaat (die een met Engels en Duits) aangestel het nie. My pa se antwoord was: "Ek weet, maar ek kan mos nie my eie seun aanstel nie!"

Na gesprekke met die bestuursraad het sy pa ingestem om hom aan te stel, maar dan wou hy ook die persoon wat sy eerste keuse was, aanstel. Dit het toe gebeur.

Mnr Tommie tree vanjaar af. Na omtrent 40 jaar se betrokkenheid by Grey, is mnr Tommie een van die persone wat werklik wéét waaroor Grey gaan.

Volgens mnr Tommie het Grey nie veel deur die jare verander nie. "Verandering is maar 'n relatiewe ding wat baie subtiel gebeur. Leerders presteer nog steeds ten spyte van baie druk programme en deur die jare bly die skool steeds suksesvol op verskeie terreine."

Mnr Tommie gee die leisels oor aan 'n nuwe generasie. Mnr Marcel Cronjé, sy seun en ook 'n onderwyser by die skool, sê dat dit vir hom 'n eer en 'n voorreg is om deel te vorm van 'n derde generasie wat betrokke is by Grey. "Daar rus 'n verantwoordelikheid op my om die waardes en die positiewe dinge wat ek by my oupa, my pa en my Oom Koos geleer het in die modern era toe te pas en om op so 'n manier, waarde tot die skool toe te voeg."

## Droom laboratoriums realiseer in 2016

**PHILLIP PRETORIUS**

Grey Kollege sal eersdaags spog met splinternuwe Fisiese Wetenskap Laboratoriums en klaskamers. Aan die begin van 2015 het die beheerraad toestemming gegee vir die ontwikkeling van drie nuwe Fisiese Wetenskap laboratoriums. Met finansiële ondersteuning van die Jock Meiring- en die Bram Fischer-Trust kon hierdie projek die lig sien.

Op 8 Julie 2015 is daar afgeskop met die projek. Daar word verwag dat hierdie nuwe fasiliteite aan die einde van Desember voltooi sal wees en dat dit in 2016 in gebruik geneem sal word.



**Grey se nuwe trots.** **Foto: James Braude**

Buiten die drie Fisiese Wetenskap laboratoriums word daar ook kantoorruimte geskep. Verder word drie ou klaskamers, wat uit die laat sewentiger jare dateer, opgegradeer.

Die ontwerp is gedoen deur Typology Architects, WSP Consulting Engineers is die struktuur ingenieurs en FCE is die elektriese ingenieurs. Drie 60-sitplek ouditoriums kan óf afgeskort word tydens normale lesings, of deel vorm van ouditoriums tydens eksperimente en praktiese lesse. Tegnologies-geïntegreerde omgewings is geskep waar onderwysers gebruik sal maak van oorhoofse projektors en rekenaars. Die ou asbes klaskamers wat altyd op kampus was, maak plek vir vier opgegradeerde klaskamers. Vir die argitekte was hierdie geen gewone projek nie: hulle wou verseker dat die streng Grey tradisies behou word.

Om Grey se geskiedenis te respekteer het hulle besluit om nie die geboue presies dieselfde te laat lyk nie. Hulle het besluit om die hoofgebou se sandsteen sowel as die sink van die Tuckshop in te sluit in die ontwerp en dit te kombineer met 'n nuwe moderne boustyl wat 'n nuwe era verteenwoordig. Daar is ook besluit om die Grey-baadjie se strepe te inkorporeer by die gebou. Hulle het dus staan-soomsinkplate te gebruik wat die strepe verteenwoordig.

Die ontwerp sluit 'n paar 'groen' aspekte in soos die breë oorhange wat help om die son uit die klaskamers te hou. Die sinkplate weerkaats die son, wat ook help om die geboue koeler te maak.

Nie slegs die onderwysers nie, maar ook die leerders sien daarna uit om hierdie pronk-onwikkeling te betrek en dit uiteindelik te voeg by die magdom tradisieryke institusies wat deel vorm van Grey Kollege se waardetoevoeging

## Make the world a better place for all


**ANONYMOUS**

"Later that night I held an atlas in my lap/ ran my fingers across the whole world/ and whispered: where does it hurt? It answered: Everywhere Everywhere Everywhere "

Every country is twisted and ripped apart by pain, violence, discrimination, hatred. See the recent act of violence and terrorism in Paris; the deaths of innocent bystanders. Consider the plight of Syrian refugees... Move closer to home – murders in South Africa, drought which has the country reeling, on its knees, hopeless. Senseless acts of random violence – why? Why not practise senseless acts of random kindness?

Has so much violence ever, in the history of the world, been committed in the name of religion? Because your brother is not like you are. He is wrong. He must be killed, if that is what it takes. And the perpetrators believe themselves to be on the side of the angels.

So what does this have to do with Grey and the various religions and ethnic groups represented here? Do we believe ourselves to be more tolerant because of the bond of brotherhood which has been established and nurtured at Grey? Let it be so. See every boy in the school as your spiritual brother. Let us learn from violence and hatred and the latest horror in Paris and vow to never be so intolerant.



## Die gesig in die spieël moet die ware jy reflekteer

**HUGO RICHTER**

Vroeg in die vierde kwartaal het die jong jeugwerker, Wium Vos, die koshuisseuns kom toespreek in die saal. Hy beplan ook om die skool weer in 2016 te besoek.

Die seuns het vroom en aandagtig geluister na die lewenswaarhede wat aan hulle oorgedra is en dit blykbaar daardie aand goed ter harte geneem.... en toe oënskynlik net so vinnig daarvan vergeet. En dit is waar 'n probleem by baie van die seuns lê – nie net by die koshuisseuns nie maar ook die stadseuns.

'n Groot meerderheid van die seuns dra 'n skyn van ordentlikheid; hulle bid vurig saam en omhels die waardes wat hulle geleer word.


Sodra hulle egter uit die kring van daardie morele, goedgemanierde leermeesters beweeg, is dit asof alles onmiddellik weer na "normaal' terugkeer– of wat ook al hulle idee van normaal is.

Seuns vloek met oorgawe – selfs soms waar onderwysers hulle kan hoor. Hoeveel weerlose seuns word nie geboelie deur dieselfde biddende seuns van vroeër die aand nie en sodra iemand met gesag verbystap word dit gestaak, totdat die seun en sy prooi weer alleen is.

Die seuns rook onwettig; minderjariges mag nie. Lei dit nie miskien vanselfsprekend na die rebellie van drank en ander verbode middels nie? Al die seuns ken hierdie verskynsel.

Hoekom gebeur dit? Is dit miskien soos mnr Putu Pretorius sê: "Dis 'n harde lewe, miskien voel die seuns hulle moet gehard wees om te oorleef, en hulle kry daardie hardheid uit wange-drag."

Groepsdruk is seker ook 'n faktor, maar 'n sterk karakter behoort dit te kan weerstaan.



**Die prag en praal van die aand vasgevang in onvergeetlike beelde.**
**Foto: Verskaf**

# Geniet die dae van jou jeug

## *Jongmense moet waak teen nodelose uitspattigheid en wedywering*

**ANDRIES MULDER**

Grand Room Design het die *Black & White* tema van vanjaar se Grey-matriekafskeid perfek uitgebeeld. Die 'saal' was onherkenbaar as die tent op die parkeerarea voor die hoofgebou en Chef Sune Niemand van *Upper Crust* spysenering was topklas. Die graad 11's in Grey onderbaadjie en strikdas was agter die skerms verantwoordelik om alles seepglad te laat verloop.

Ferrari's, Lamborgini's en selfs klassieke motors het onder toejuiging van nuuskierige toeskouers deur die graad 11 erewag gery om die paartjies voor die wit markiestent af te laai. Daar was ook die uitsonderings, soos JD Steyn wat sy metgesel met sy groen John Deere - trekker vervoer het, en Ruan Pretorius wie se gholfkarretjie *out of bounds* moes ry om hom by die matriekafskeid te besorg. Dan was daar ook die klompie wat vir oulaas in die skoolkombi wou ry, of ander wat eg Suid-Afrikaanse openbare vervoer gebruik het en met taxi's opgedaag het.

Afgesien van die normale opwinding wat met 'n matriekafskeid gepaard gaan, het vanjaar se geleentheid 'n vreemde kinkel gehad toe Zane Waddell, Grey se voorste swemmer en Erin, sy metgesel, in ongevalle beland het na 'n draai op die dansbaan. Zane is waarskynlik meer tuis in 'n swembad as op die dansbaan. Dit is dalk ook nie 'n goeie idee om vir iemand te sê *'break a leg'* voor hulle op die dansbaan stap nie.

Op hierdie punt is dit dalk belangrik om weer te herbesin oor die doel van 'n matriekafskeid. Is dit nog steeds 'n geleentheid vir mense om afskeid te neem van die plek van hulle grootwordjare, die plek waar hulle meer geleer het oor die wêreld, oor mense, oor hulself; die plek waar hulle vriende gemaak het, sport beoefen het en ontwikkel het in jong volwassenes wat gereed is om die wêreld tegemoet te gaan en 'n bydrae te lewer in die gemeenskap. Of het die moderne lewe ons fokus so verskuif dat die werklike doel van die aand verlore geraak het? Die Amerikaanse skrywer, Kurt Vonnegut het gesê: "Enjoy the little things in life, because one day you will look back and realize they were the big things."

Maar indien daar op 'n wyer spektrum besin word oor die konsep van 'n matriekafskeid, is dit miskien tyd om stil te staan en die realiteite onder oë te neem. *Quo Vadis*, mense- waar gaan dit heen en waar gaan dit eindig? Die oordadigheid en uitspattigheid laat 'n mens sprakeloos. Hier gaan dit nie slegs oor Grey nie maar oor die algemene tendense in Suid-Afrikaanse skole.

Is dit verantwoordbaar om derduisende rande te betaal vir presies die regte skoene; rok; pak klere; toetslopies vir hare doen en grimering; professionele fotograwe? En waarvoor? Die 'beste aand van jou lewe' wat dikwels eindig in tragedie, oormatige drankgebruik en 'n ontevredenheid oor dit wat jy gedink het gaan 'n wonderlike ervaring wees.

Niemand word die opgewondenheid en voorbereidings misgun nie. Wees net rasioneel, dink en besef dat om by te bly by vriende se uitspattighede jy jou ouers maande se finansiële opoffering gekos het.




Live for the moment in the all-new BMW X1. Its broad stance is underpinned by muscular performance, with precise steering ensuring agility even in the sharpest bends. Inside, driver and passengers can look forward to generous head and leg room, with an elevated seating position delivering an excellent vantage point from which to witness its domination in the urban environment.

**Book a test-drive and discover all-new levels of freedom.**

**Sovereign**
Cnr Charles and First Avenue
Bloemfontein
Tel. 051 400 0000, www.bmw-sovereign.co.za

Model shown with optional extras.

# ANA maak 'n bespotting van onderwys

**JACO VAN LOGGERENBERG**

Die landswye ANA-toetsing (Annual National Assessment) is 'n aantal jare gelede ingestel om deur alle Graad 9 leerders in Suid-Afrika geskryf te word. Die Departement van Onderwys het verduidelik dat dit nie die soseer was om die leerders te assesseer vir slaagvereistes nie maar om 'n nasionale basis op te stel wat sou aandui wat die leerders se gemiddelde prestasies in Huistaal en Wiskunde is. Die bedoeling hiermee was oënskynlik rasioneel – totdat daar tot die besef gekom is dat die proses geen vorm van remediëring ingesluit het nie.

Die bevindings was nog elke jaar dat Suid-Afrikaanse leerders swak presteer in beide die leerareas. En dan wat? Die resultate word genoteer en versprei, planne word gemaak om onderwysers op te lei – maar is dit waar die probleem lê? Hierdie jaar is besluit om die ANA-toetsing weereens van stapel te stuur, aanvullend tot onderwysers se vraestelle. Die vakbonde het daarteen geskop as gevolg die miljoene Rande wat dit kos en die vermorsing van tyd met bv. nasien en memorandum-besprekings. Die unies wil die toetse boikot maar die departement dring aan dat dit geskryf word, al gebeur dit later in Desember of selfs in Januarie.

Fedsas het in 'n verklaring gesê die toetse is afgestel maar die departement sê dis 'n valse verklaring.

Wat nou? Dit is op die nippertjie; moet ouers hul vakansieplanne kanselleer? Waar gaan koshuiskinders verblyf kry terwyl hulle die toetse te skryf? Wanneer gaan dit gemerk word en wat presies is die werklike waarde van hierdie hele proses?

Dit moet ook gemeld word dat die standaard van en taalgebruik in hierdie toetse dikwels veel te wense oorlaat – soos in hierdie eksamen se gemeenskaplike vraestelle waar 'n Graad 9 taalvraestel slegs 30 punte tel, maar 2 ure word geallokeer vir die skryf daarvan.


Skole is pionne in 'n magstryd tussen die unies en die onderwysdepartement.




**ANA-toetsing vraestelle.** **Foto: Verskaf**

# Not what your school can do for you but what you can do for them

*Respect for all is the greatest levelling factor in the interaction of learners*



Boys who go out into this world, leaving as the gentlemen that Grey has made them to be. Grey College is nothing without its learners for it is we that carry the Grey spirit and make it great.

Should the attitude of the learners be of such a nature that they want the best for Grey, then Grey would take its rightful place as the number one school - not only in Africa but in the world.

On the other hand, if their attitudes are to see what can Grey can do for them and they are selfish in their attitude towards the school, Grey College will lose its *gees* and all of the achievements, all of the traditions, everything that makes this school great, will come to nothing.

The main problem at Grey is that learners have stopped focusing on Grey and what they can do at this institution to make it a better place for generations to come. This mindset is not only in Grey but in our daily society as well; we have become selfish people. Everybody focuses on themselves and how they can benefit from the school.

We have become ungrateful, not appreciating what we have. We see in our society how people are focused on themselves. They don't know who their neighbors are, and they don't care. They don't understand the importance of society and standing together for the greater good.

This mindset is also apparent at Grey. We used to be a family, but now everybody focuses on themselves and how they can benefit from the school and the learners around them. The attitudes of the learners have changed.

Discipline is a problem in every school, but Grey has never been like other schools. The problem is that with this selfish attitude we are losing the Grey spirit.

Realising how great this school is of no use once you've left this place. Realise it now, build it now. Many old Greys have spoken at the school and explained to the leaners how much it means to be in Grey and how much it will benefit us in the future but no one listens to them.

It is a privilege to be in Grey College. We seem to have forgotten this and just don't understand how grateful we should be, we have forgotten the feeling that we experienced when we first stepped into this school, the feeling of awe, for then we understood this is no ordinary school, this is Grey College.

It's the same feeling when we beat other schools in sport and cultural activities, when we sing Grey in Union, it's the feeling of being a part of something greater, a feeling of unity.

So for this school to be where it's supposed to be, the self-centeredness has to go and the Grey spirit, the unity we had, has to take its place.

## Sci-fi aficionados will be glued to their seats by Maze Runner

*Genre: Sci-Fi*
*Director: Wes Ball*
*Rating: 8/10*

**VALERIO CIRELLI**

'This sci-fi action based on James Dashner's novel *The Scorch Trials*, is the second novel in *The Maze Runner* book series. The film is the sequel to the 2014 film, *The Maze Runner*.

The film begins with a young boy called Thomas, taken in by Ava Paige, after being left by his mother. After surviving the maze, Thomas and the other surviving Gladers are taken to a safe facility to protect them from the Flare virus which has wiped out half of the population and the victims of the Flare virus, also known as the Cranks. The facility provides the Gladers with clothes, food, and sanitation and also attempts to find a cure to the fatal Flare virus. Thomas's curiosity about what has happened prompts him to find out more about where they are and, more importantly, why they are there. The group of Gladers must learn to overcome obstacles and survive through rough conditions but at the same time, stay clear of the Cranks. They also want to find out the truth about their lives.

Dylan O' Brien, who plays Thomas, is a fast-thinking young man who needs to guide the group through the tough challenges ahead.

' *Maze Runner 2: The Scorch Trials* raced to the top of the foreign box office, picking up a robust 43.3 million dollars from 66 markets. So far, *Scorch Trials* has earned a staggering 108.3 million dollars. This nail-biting blockbuster is sure to have you on the edge of your seat.

# Twenty One Pilots set to fly higher in SA

Twenty One Pilots is an American Indie band. Initiated in 2009 by lead singer, Tyler Joseph, the band started its road to global stardom by performing gigs at small venues in the United States. Originally the band consisted of three members: Tyler Joseph on vocals and piano, Chris Salih and Thomas then left the band. Thomas then recruited drummer Josh Dun.




Although many labels fought over the signatures of the duo, they decided to sign up with the Atlantic Records subsidiary label, Fueled by Ramen.

That same year Twenty One Pilots performed at its first sold-out show at the Lifestyle Communities Pavilion. In 2013, Twenty One Pilots was nominated for several awards at the MTV Video Music Awards and The MTV Europe Music Awards. That same year, the duo released their first *Fueled by Ramen* album, *Vessel*.

From 2014 they were invited to perform at the European Music Awards in Milan on 25 October 2015.

Leader of the band, Tyler Joseph, came up with the name of the band while studying the drama *All My Sons* by Arthur Miller – a play about a man who causes the death of 21 pilots during World War 2.

Twenty One Pilots is notorious for its theoretical style of performing on stage, as well as its crazy look, which consists of a whole attire of red including hair dye, armbands and sneakers.

Most people will say that musical genres such as Alternative Hip-Hop, Electropop and Indie Pop will never make it big in the music industry. Twenty One Pilots has and will continue to prove most people wrong.

Very rarely will you find a band that will combine not only three music genres, but three ingredients for guaranteed success: talent, hard work and a little bit of madness.

They may not be well-known in South Africa, but watch this space.

*- Dr Grey*



**Twenty One Pilots.** **Photo: Supplied**

COPY
SCAN
PRINT
FAX
ONE MACHINE
FOUR FUNCTIONS
Tel: 051 446 2440
KONICA MINOLTA
ITEC
e-mail: chris@itec-bloem.co.za
e-mail: andrev@itec-bloem.co.za

## uitslae

### INTERSKOLE
### Paul Roos

**RUGBY**

| | | |
|---|---|---|
| E\Eerstespan | verloor | 12-19 |
| Cherries | wen | 13-5 |
| Derdespan | verloor | 24-25 |
| Vierdespan | wen | 14-12 |
| Vyfdespan | verloor | 0-18 |
| Sesdespan | wen | 29-21 |
| Sewendespan | wen | 23-0 |
| Agtstespan | wen | 13-0 |
| Negendespan | verloor | 10-19 |
| o/16 A | wen | 31-12 |
| o/16 B | wen | 26-15 |
| o/16 C | verloor | 17-18 |
| o/16 D | verloor | 7-12 |
| o/16 E | verloor | 0-79 |
| o/15 A | verloor | 6-10 |
| o/15 B | verloor | 5-7 |
| o/15 C | verloor | 0-38 |
| o/15 D | verloor | 5-57 |
| o/15 E | verloor | 0-29 |
| o/15 F | wen | 13-12 |
| o/14 A | verloor | 22-34 |
| o/14 B | verloor | 3-28 |
| o/14 C | verloor | 12-15 |
| o/14 D | verloor | 12-34 |

**HOKKIE**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | verloor | 1-3 |
| Tweedespan | verloor | 1-4 |
| Derdespan | verloor | 1-3 |
| Vierdespan | verloor | 0-7 |
| o/16 A | wen | 3-2 |
| o/16 B | wen | 4-3 |
| o/14 A | gelykop | 1-1 |
| o/14 B | wen | 2-1 |

# Drome in visier vir Dean

## *Oud-SA Skolekampioen maak naam met 5 oorwinnings*




**Dean Burmester het die Zimbabwe Ope in sy eertydse tuisstad, Harare, gewen.** **Foto: Verskaf**

**HANRU BÜHRMANN**

Dean Burmester (26), oud Greyman en belowende Suid-Afrikaanse gholfspeler het sedert 2010, toe hy professionele gholf begin speel het, reeds vyf toernooie op die *Sunshine Tour*, gewen.

Sy eerste groot wentoernooi was die *Polokwane Classic* in 2012, waarna die *Sun City Challenge* in 2013 gevolg het. "Al vyf my wenne as professionele speler is sover hoogtepunte vir my." As gebore Zimbabwiër, was sy wen in 2015 dáár ook 'n spesiale oomblik vir hom.

Vandag noem hy Bloemfontein sy huis en "die wen hier, voor al my vriende en familie, is iets wat moeilik is om in woorde te beskryf," sê hy. Hy was sedert graad 9 in Grey en het in 2007 hier gematrikuleer. Grey het 'n groot invloed op sy lewensuitkyk en –benadering gehad. "Grey het my geleer van stiptelikheid, goeie maniere en hoe om 'n Grey-'gentleman' te wees."

Hy het lewenslange vriendskappe in Grey gesluit, nie net met klasmaats nie, maar ook met onderwysers soos mnre Gawie Grobbelaar en Koos Cronjé, wat 8 jaar nadat hy die skool verlaat het, steeds uitkom en hom in sy gholf ondersteun. Boonop vertel hy: "Ek het in 2007 die voorreg gehad om saam met vyf van my beste vriende die SA Skole Kampioenskappe te wen."

Dean skryf sy sukses hoofsaaklik aan twee faktore toe: Sonder die mense wat agter hom staan, sou die harde wêreld daarbuite moontlik vir hom te veel geword het. Die res van sy wenresep is harde en volgehoue werk. Hy sê: "Dit is baie belangrik om nie net te droom nie, maar om 'n plan te hê hoe om daardie droom te bereik."

Dean droom groot oor die toekoms. Hy beplan om meer en meer in Europa te speel ten einde volgende jaar sy Europese toerkaart te verseker.

Hy is tans voor op die *Investec Cup* se puntelys en mik daarvoor om teen Maart 2016 die algehele wenner te wees. Hy sien uit om eendag saam met die wêreld se bestes te kompeteer.

# Heinrich en Gean mik steeds hoër na sukses in Georgië

**JOHAN VAN ECK**

Gedurende September het Heinrich Bruhns en Gean Viljoen in Georgië aan 'n internasionale biathlebyeenkoms deelgeneem en uitstekend gevaar.


Bruhns (gr 11) het individueel 'n silwer medalje in sy ouderdomsgroep, wat bestaan het uit 30 deelnemers, in Biathle verower. Sy span het ook weggedraf met 'n goue medalje. "Die hoogtepunt was toe ek op die podium klim, hulle die Suid-Afrikaanse Volkslied speel en ek besef dat ek 2de is," vertel Heinrich.

Viljoen (gr 8) was eerste in die Triathle individuele kompetisie en sy span het ook 'n eerste plek verower. Hy het ook 'n tweede plek in die Biathle en nog 'n eerste plek in die gemengde Triathle behaal. Die atlete het saam met 'n groep van 100 Suid-Afrikaners vertrek op 15 September vanaf Johannesburg via Turkye (Istanbul) na Tbilisi in Georgië.

'n Opgewonde Gean vertel: "Die hotel was baie mooi en ek het die spa geniet. Die ysskaatsbaan was ook baie lekker." "Die geboue is baie interessant. Daar is geboue wat replikas is van bekende geboue in ander lande, bv. die *White House* in die Verenigde State van Amerika en die Collisseum in Italië," sê Heinrich.

Die manne vertel dat kommunikasie 'n probleem was, aangesien die inwoners van Georgië nie Engels of Afrikaans kan praat nie! Viljoen se toekomstige doelwitte is om volgende jaar Detroit toe te gaan vir die wêreld-kampioenskappe en om die *World Tour* in driekamp te wen.

Bruhns mik vir nog hoër hoogtes. Een van sy doelwitte vir die toekoms is om 'n goue medalje by die Olimpiese Spele te wen en verder die beste atleet ter wêreld te word in sy sportsoort.







# Tennisspelers sluit jaar op hoogtepunt af

**FERDINAND FERREIRA**

Vir 'n Grey-sportman is dit altyd 'n opwindende uitdaging om die sportgebied van 'n ander skool aan te durf. Maar die beste gevoel bly egter dié wanneer jy met trots die Kollege se naam hoog hou op eie bodem.

Grey Kollege het hierdie jaar die 14de Grey ABSA Tennistoernooi aangebied gedurende Oktober 2015. Agt van Suid-Afrika se top tennisskole het om die gesogde titel meegeding. Deelnemende skole het ingesluit Kearsney College, Paarl Boys High, Affies, St Stithians, Paul Roos asook Grey Kollege.

Die gemotiveerde Grey-span het aan hul ondersteuners se verwagtinge voldoen en eerste in hul groep geëindig. Hulle het hul eerste wedstryd maklik met 9-0 gewen. Kort daarna het die begeesterde span met die wit bulle (Affies) van Pretoria afgereken met nog 'n goeie uitslag van 7-2.

Tydens hul laaste stryd in die uitspeelrondtes kon hul daarin slaag om Pretoria Boys High met 'n groot telling van 8-1 die loef afgesteek. In die semifinaal was hul teenstander St Stithians, wat een van die gunstelinge in die toernooi was. Grey Kollege het met 'n soete oorwinning van 5-3 deurgedring na die finaal. Paul Roos het dieselde gedoen in hul semi-finaal teen Affies. Dit was weereens die gemotiveerde manne van Bloem wat die wynboere van Paul Roos in die eindstryd getem het. Hulle het Paul Roos met 'n eindtelling van 5-1 uitgestof en het die jaar op 'n hoogtepunt afgesluit.

Mnr Naresh Mahabeer, spanbestuurder van die eerstespan, sê: "Grey *guts* het 'n groot rol gespeel in die toernooi, want ons manne het goed teruggeveg na vorige uitslae. Hulle het ook daarin geslaag om wedstryde wat hulle kon verloor het om te draai in wen-wedstryde. Ons sleutel vir sukses was dus 'n kombinasie van verskeie faktore, soos om in ons vermoëns te glo asook goeie spangees en uitstekende voorbereiding."

George Botha, kaptein van die span, sê: "My hoogtepunt was toe ons Paul Roos 'n derde keer hierdie jaar geklop het. Ons ondersteuning tuis van die skoolseuns was fantasties".



**Hubert Badenhorst blink uit vir die eerste tennispan.** **Foto: Verskaf**

# Michaelmas verskaf suksesresep

## *Onoorwonne week sluit oorwinnings oor Hilton en Maritzburg in*

**CHRISTOPHER SCHREUDER**

Grey Kollege se eerste krieketspan het gedurende die kort Oktobervakansie aan die Michaelmas krieketweek in Pietermaritzburg deelgeneem. Grey het 'n uitstekende week gehad deur onoorwonne te eindig.

Die eerstespan het met elke wedstryd van krag tot krag gegaan deur vir Northwood, Maritzburg College (op hul tuisveld), Hilton College en die CSA TAP Invitational XV-span te klop. Daar het 'n totaal van 18 skole aan die week deelgeneem, waaronder top-skole soos Affies, Hilton College, Kearsney College, King Edward VII School, Maritzburg College, Pretoria Boys High en St Stithians College. Die krieket is in twee verskillende formate gespeel; drie 50-beurt wedstryde en een T20-wedstryd.

Barend de Klerk, openingsbouler en kaptein, sê: "Daar was 'n 'mind shift' in die span gemaak wat van so aard is dat wanneer ons op die veld stap, ons niks minder as wen aanvaar het nie. Ek dink dit was die olie op die vuur vir ons." Raynard van Tonder was die eerstespan se voorste lopiemaker met vier beurte van 58, 67, 67 en 82 onderskeidelik. Hy was in al vier hierdie beurte nooit uit nie! Hy sê dat hy sy huidige vorm met die kolf toeskryf aan harde werk in die afseisoen en deur dinge so eenvoudig as moontlik te hou.

Niël Durow, veelsydige speler, het in totaal 11 paaltjies op die week geneem, die meeste in die eerstepan. Wihan Victor, openingskolwer, sê: "Grey het vir my baie geleenthede gegee wat mens nie sommer net in 'n gewone skool kon kry nie. Ek dink die rede vir ons sukses is omdat ons as span saam "gel", vir mekaar speel en wat ons doen geniet. Ek is bly ons kon onoorwonne afsluit, 'n ervaring wat ek nooit sal vergeet nie."



Raynard van Tonder, uitblinker met die kolf vir die eerste krieketspan. Foto: Verskaf

Die matriekspelers verlaat egter nou die span en het verseker hul stempel in die eerstespan afgedruk. Daar is groot gate wat gevul moet word sodat die eerstespan steeds suksesvol sal bly. Mnr André Bester, hoofafrigter sê: "Nadat die matrieks uit is, het die span gebou op die sukses van die vorige jaar deur baie oortuigend met St Davids Marist Inanda, Affies en KES af te reken. Daar is verder ook goeie jong spelers wat binnekort by die skool se senior spanne gaan inval. Voorwaar 'n goeie vooruitsig."

Mnr Adri Swanepoel is dié jaar aangestel as Direkteur van Krieket by Grey, en het die span vergesel na die Michaelmas-week. Hy sê: "Ek het die middelfase van 50-boulbeurt-krieket as die grootste area geïdentifiseer om te verbeter. In my beplanning werk ek aan 'n hele aantal aspekte om te verseker dat ons beter planne in plek het en dat ons beter krieket vanaf die 11de tot die 40ste boulbeurt speel." Hy noem ook verder dat hy op hierdie stadium baie gelukkig is oor hoe ons jong eerstespan gegroei het in die laatste paar weke, nadat die matriekspelers uit is. *(Uitslae langsaan.)*

### results

**Michaelmas Cricket Week Maritzburg College**

**Northwood**
Northwood batted first and scored 168 all out
Grey College scored 172 for 4

| | |
|---|---|
| Wihan Victor | 81 |
| Raynard van Tonder | 69* |

Grey College won by 6 wickets

**Maritzburg College**
Maritzburg batted first and scored 228 for 7
Niel Durow took 3 for 43
Wian Mouton took 2 for 6
Grey College scored 232 for 3

| | |
|---|---|
| Wihan Victor | 68 |
| Raynard van Tonder | 58* |

Grey College won by 7 wickets

**Hilton College**
Hilton batted first and scored 167 for 9
Niel Durow took 3 for 29
Grey College scored 168 for 1

| | |
|---|---|
| Wihan Victor | 88* |
| Raynard van Tonder | 67* |

Grey College won by 9 wickets

**Cricket SA Invitational**
Grey College batted first and scored 190 for 3

| | |
|---|---|
| Niel Durow | 40* |
| Raynard van Tonder | 82* |

CSA Invitational scored 139 all out
Grey College won by 51 runs

**Grey therefore won all four games played at this tournament**

# Suksesvolle toernooi in Port Elizabeth lê fondament vir besige 2016



Luke Janse van Rensburg, eerstespan waterpolospeler. Foto: Verskaf

**GUSTAV PIETERSE**

Die eerste waterpolospan het gedurende die derde kwartaal deelgeneem aan die Pearsons-toernooi, wat in Port Elizabeth plaasgevind het en het uitstekend presteer.

Verskeie van die vooraanstaande skole op die Suid-Afrikaanse waterpoloranglys het aan hierdie toernooi deelgeneem, wat beteken het dat die kompetisie vir die eerstespan redelik straf sou wees. Die eerstespan het beïndruk deur die kwarteindrondte van hierdie toernooi te bereik.

Mnr Nico Venter, die afrigter van die eerstespan, sê: "Hierdie uitsonderlike prestasie van die span is in pas met die skool se visie om Grey permanent as een van die top 20-spanne in die land te vestig."

Op die pad na die kwarteindrondte het die span teen verskeie gedugte spanne gespeel en nie teleurgestel nie. Die kaptein van die span, Juan Venter, sê: "Ek voel baie bevoorreg om as kaptein van die span op te tree en ek is baie opgewonde oor die span se vooruitsigte vir 2016."

Volgens hom was die hoogtepunt van die afgelope Pearsons-toernooi die uitsonderlike manier hoe die span saamgestaan het om die span van Hudson Park, wat beskou word as 'n bekwame waterpolospan, gemaklik met 8 doele te klop.

Die afrigter en die kaptein is dit eens dat die span se aanbieding van die skool se eie *ITEC* waterpolotoernooi vroeg in 2016, waarskynlik die hoogtepunt op die waterpolokalender is. Die span ploeg vroeg reeds baie ure se harde werk in en stel dit ten doel om onder die top vier skole in die toernooi te eindig.

Die o/14-waterpolospan het ook 'n uitstekende prestasie behaal deur sesde te eindig in die *ITEC* Grey Kollege o/14-toernooi. Hierdie toernooi is aangebied in die Gustav Fichardt-swembad en bly een van die beste toernooie in hierdie ouderdomsgroep in die land.

## Crocks en Camels weet wat goeie spangees beteken

**HENKO DELPORT**

Of dit nou die Crocks se tradisie of die Camels se trots is, weet ons nie, maar die feit van die saak is dat alhoewel Grey vanjaar, rugbygewys, 'n rowwe jaar agter die blad het, hulle 'n onoorwone jaar beleef het en ware "Grey-rugby" gespeel het.

Mnr Dries van der Wal en mnr Ingo Machts, wat vanjaar die Crocks en Camels gebrei het, sê dat hulle sleutel tot sukses die volgende was: die spelers se absolute wil om te wen, fiksheid, harde werk, respek vir mekaar, toewyding en om dit te geniet. Dit kan op enige span van toepassing wees!

Mnr Van der Wal, agterlynafrigter, sê dat die hardste wedstryd vanjaar die heel eerste wedstryd teen Jacobsdal se Landboudal was, maar met Grey *guts* is enige iets moontlik - selfs 'n 95-5 oorwinning teen Glenwood. So dink net wat sal gebeur as elke span in die skool weer met hierdie Grey *guts* speel!

Volgens spelers van die Camels word hierdie deursettingsvermoë en spangees so deel van jou dat jy nie die rugbyveld vir oulaas sou kan verlaat sonder om 'n traan te pink nie. Die spesiale band tussen die spelers word ook bevestig deur die laaste tuiswedstryd, waar die graad 11's teruggestaan het sodat die matrieks, by gebrek aan die teenstanders se agtstespan, almal vir oulaas 'n tuiswedstryd vir die Crocks kon speel.

Die Crocks het ook 'n tradisie van hulle eie: die span staan langs die kantlyn; die eerste speler maak 'n Coke-blikkie oop, vat 'n sluk en stuur dit vir die volgende spanlid om 'n "sippie" te kry; tot by die kaptein wat die blikkie leegdrink, dit plattrap en dan op die veld gooi.




MEDICLINIC
BLOEMFONTEIN

24-UUR NOODSENTRUM
0800 051 051

ONS NOODSPAN STAAN REG OM TE HELP IN ENIGE MEDIESE NOODGEVAL.

KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.

# SPORT

**krieket**

Eerstespan stel hoë standaard by Maritzburg College-toernooi




Burmester wys dat hy op vooraand is van 'n belowende loopbaan na verskeie suksesse



**gholf**

**rugby**

Crocks en Camels wys almal hoe dit gedoen moet word



Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · Desember / December 2015

# Clover lok die bestes

## *Atlete lewer individuele prestasies van top-gehalte*

**EBERT WOHLITZ**

Die Clover atletiekbyeenkoms is vanjaar weer die eerste naweek van die vierde kwartaal, vir die 17de keer, by die Mangaung Atletiek-stadion gehou. Die land se beste atletiekskole was weer teenwoordig en verskeie uitstaande prestasies is gelewer.

Die byeenkoms het in 1998 begin toe mnr George Ferreira (hoof van atletiek by Grey) en mnr Johan Grobbelaar (vorige sportorganiseerder van Grey) deur me Ria Strauss (hoof van atletiek by OMS) en me Bettas Brummer (hoof van sport by OMS) genader was om betrokke te raak by die atletiekbyeenkoms.

Mnr Piet Viljoen, huidige hoof van sport by Grey, sê verder: "Twee jaar later, in 2000, is Clover deur mnr Johan Grobbelaar genader om betrokke te raak by dié prestige atletiekbyeenkoms. Sonder hul bydrae sou hierdie byeenkoms nie aangebied kon word nie."

Grey Kollege was die hooforganiseerder van die byeenkoms met die hulp van Oranje Meisieskool en finansiële hulp van Kovsies (subborg) en Clover, wat die byeenkoms moontlik gemaak het. Die byeenkoms is een van die top-atletiekbyeenkomste in die land.

Daar het 22 skole van regoor die land aan die byeenkoms deelgeneem. Grey het hierdie jaar, net soos al die ander jare goeie uitslae behaal.

Lesley Botha, een van die graad 8-atlete wat deelgeneem het, sê: "Van die uitblinkers op die dag het ingesluit Janco van Heyningen in die 110m hekkies en Herman Agenbag in die hamergooi. Herman het selfs 'n rekord gebreek in die hamergooi en dit boonop opgevolg met 'n tweede rekord in die diskus." Ander atlete wat ook uitstekende prestasies gelewer het, sluit in Riaan Brits in die 100m hekkies, Jannes Schlebusch in die spiesgooi en Tony Augus in die 200m.

Mnr Viljoen som die suksesverhaal van Grey oor die afgelope jare goed op: "Van die 59 items vir seuns in die rekordboeke van hierdie byeenkoms staan Grey-seuns se name op die oomblik agter 10 van die items."



**Nico Prinsloo (o/17), 100- en 400m atleet het, soos gewoonlik, puik presteer.** **Foto: Verskaf**

## sport kalender

**2016**
**EERSTE KWARTAAL**
**SPORTBEPALINGS**

6-9 Januarie
DHL Krieketfees

15-16 Januarie
Port Rex o/18
Waterpolotoernooi

16 Januarie
Krieket vs St Stithians (JHB)

20 Januarie
Grey Interhuisgala

23-24 Januarie
Krieket vs KES & St Johns (BFN)

25 Januarie
Grey Atletiekkampioenskappe

28-30 Januarie
Grey o/18 Waterpolotoernooi

30 Januarie
Krieket vs Pretoria Boys High

5 Februarie
Atletiek: Affies byeenkoms (PTA)

6-7 Februarie
Krieket vs Grey (PE) &
St Andrews (Grahamstad)

12-14 Februarie
Muurbal: St Andrews Toernooi

18-19 Februarie
Swem: Interhoër byeenkoms

19-20 Februarie
Skaak:
Grey Uitnodigingsbyeenkoms

adidas
Official sponsor of Grey Rugby

Clover
Way Better™
Official sponsor of Grey Rugby

UP TO R10 MILLION
LIFE COVER IN ONE SIMPLE CALL
LET 1LIFE HELP PROTECT YOUR CHILD'S FUTURE DREAMS
ONE PHONE CALL · NO PAPERWORK
NO MEDICALS REQUIRED
SMS 'LIFE' to 43867** and we'll call you back, or visit www.1Life.co.za for an online quote and more information.
**Standard SMS rates apply.
1Life Changing Lives
BRAVE/1LIFE/1691/E/S

vivid designs 082 576 3143